



SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

NUUSBRIEF

07 / 2017

GESELS MET ONS!

Jy kan met ons kontak maak deur ons webwerf & deur die Forum op die webwerf (eksklusief vir SADPO-lede), per epos, of op ons LinkedIn profiel. Jy is ook welkom om die Dagbestuur te skakel. **ONS WIL GRAAG VAN ONS LEDE HOOR!**

SADPO HOFSAAK - KONSTITUSIONELE HOF UITSPRAAK:

Afrisake het 'n Mediaverklaring met betrekking tot bogenoemde uitgerek. Hierdie verklaring het gelei tot verwarring onder van ons lede, en wil ons langs hierdie weg alle moontlike onduidelikhede wat kon ontstaan het deur die impak van die Uitspraak, op ons as delwers, uit die weg ruim.

Die bekragtiging van Artikel 20A van die wet, soos vervat in die Uitspraak, beteken slegs dat gelisensieerde kopers nie meer ongelisensieerde persone kan saamneem, om hulle by te staan gedurende die tender proses nie. **NIKS** gaan verander by die onderskeie Bemarkingentiteite nie. Die tenderproses gaan aan net soos in die verlede.

Die impak van die Uitspraak kan wel moontlik lei tot die vermindering van mededingendheid tussen die onderskeie kopers tydens die tenderproses. Dit kan weer moontlik aanleiding gee tot die realisering van 'n laer prys op ons produk. Dit is ook vir hierdie rede waarom SADPO se teleurstelling so groot is oor die Uitspraak. Dit ook soveel meer so nadat die Hooggeregshof, rondom hierdie selfde aspekte, in ons guns besluit het.

Die Konstitusionele Hof is egter die hoogste gesag in terme van die wet, en het ons dus geen ander keuse as om hierdie Uitspraak te aanvaar nie.



SADPO NASIONALE KOMITEE:

Ons as Dagbestuur wil graag aan die hele Nasionale Komitee, asook Sub-Komitee lede **baie baie dankie** sê vir al hulle bydrae. Ons lede en die industrie baat soveel by jul wysheid, kennis en betrokkenheid. Ons Nasionale Komitee lede offer soveel van hul tyd op vir die bevordering van ons bedryf - **teen geen vergoeding!** Ons sou nie ons take kon verrig sonder elkeen van julle se insette nie.

TB / HIV / VIGS / STI RAPPORTERING:

Daar is onlangs 'n projek geloots in die Kimberley / Barkley Wes / Douglas / Postmasburg / Schmidtsdrift /

MYNBOU HANDVES:

Die nuutste rakende die handves is dat die Minister van Minerale Hulpbronne, Mnr Zwane, ingestem

TENDER DATUMS:

Hiermee die volgende 2 maande se tender datums vir u gerief:

14 – 17 Augustus

11 – 14 September

DRA BY TOT ONSE NUUSBRIEF:

Ons nooi u uit om enige nuus / gebeurtenis / inligting wat u voel ons lede by sal baat, aan die Sekretaris te stuur vir moontlike publikasie in die volgende nuusbrieff of op ons webwerf.

Schutselama area, naamlik die Masoyise iTB Pilot Project. Dit is 'n projek van die Kamer van Mynwese, tesame met die South African Business Coalition on Health & AIDS (SABCOHA). Die plaaslike DMR kantoor ondersteun hierdie projek en het 'n beroep gedoen op alle klein en opkomende delwers om ook hierdie projek te ondersteun.

Tydens die 1ste vergadering is daar besluit dat die amptenaar van die Kamer van Mynwese sal poog om befondsing te kry vir die loots van mobiele klinieke.

Ons sal u op hoogte hou van verdere verwickelinge in hierdie verband.

OPLEIDINGSSESSIES:

Ons beplan opleidingsessies in beide die Noord Kaap en Noord Wes vir lede, asook nie-lede. Die finale reëlings sal binnekort aan u deurgegee word. Dit sal aangebied word deur Regsgeleerdes wat spesialiseer op hierdie gebied en sertifikate sal ook aan almal teenwoordig uitgereik word, wat aanvaar word deur DMR inspekteurs. Die volgende onderwerpe sal gedek word:

- Algemene Inleiding: SA wetlike raamwerk;
- Aanspreeklikheid: Kriminele vs Siviele aanspreeklikheid;
- Aanspreeklikheid en die definisie van die werkgewer;
- Die rol en impak van regsaanstellings;
- Die rol van die DMR en die impak van administratiewe optrede (Artikel 54 en 55);
- Straf en boetes;
- Artikel 22 en 23: Pligte, verantwoordelikhede en regte;
- Afdeling 10 en 11: Spesifieke aanspreeklikheid vir die toesighouer gebaseer op gedelegeerde verantwoordelikhede (koppeling van risikobepalings, prosedures, verpligte praktykkodes, beplande taakopnames en dissipline);
- Die belangrikheid van dokumentasie;
- Regspligte ingevolge die Minerale Wet Regulasies, Hoofstuk 2 (aanstellings en afvaardiging)



Kontak asseblief die Sekretaris indien u enige navrae het.

het om die implementering daarvan te stuit, tot en met die Kamer van Mynwese se interdik aansoek se Uitspraak gelewer word. Hierdie aansoek van die Kamer van Mynwese sal in September 2017 aangehoor word. Die Kamer is ook besig met 'n verdere aansoek vir die hersien van die hele konsultasie



proses van die Handves. Hou asseblief ons webwerf dop vir die nuutste verwickelinge hieromtrent.

SADPO SENSUS:

SADPO beplan 'n sensus opname onder al die klein en opkomende rolspelers in die Diamantbedryf. Ons het hierdie inligting nodig wanneer ons met die relevante owerhede in gesprek tree om te kyk of ons nie die reeds kwynende bedryf kan red van totale ondergang nie. Ons sal u inlig wanneer ons in u area sal wees en ons doen 'n beroep op u om asseblief u samewerking in hierdie verband te gee.



NASIONALE KOMITEELEDE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, Lyndon de Meillon, Rick Hattingh, Anton Jacobs, Johan Keyser, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos

TENDERHUISE: CS Diamonds, NDM

SUB-KOMITEE VIR OMGEWINGSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Wadala Mining & Consulting (EDMS) BPK

SUB-KOMITEE VIR ARBEIDSAKE: Gert van Niekerk (Voorsitter), Glen Urquhart

SUB-KOMITEE VIR MYNVEILIGHEID: Gert van Niekerk (Voorsitter), Anton Jacobs (Noord Wes) Johan Keyser (Noord Kaap), Mark Hunt (Noord Kaap)

Webtuiste: <http://sadpo.co.za/>

Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850

E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737

*WINNERS are not people
who never fail, but people
who NEVER QUIT*